



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**ONTWERP V1**

**(TEORIE)**

**FEBRUARIE/MAART 2011**

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.**
**Hierdie vraestel moet in volkleur gedruk word.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit SEWE vrae.

2. Daar is keuses binne sommige vrae in hierdie vraestel. Lees die opsies aandagtig deur.

3. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Ontwerpgeletterdheid (80 punte)
   VRAAG 1 tot 4

   AFDELING B: Ontwerp in 'n sosiale/omgewingskonteks (40 punte)
   VRAAG 5 en 6

   AFDELING C: Ontwerp in 'n besigheidskonteks (30 punte)
   VRAAG 7

4. Lees die vereistes van die vrae aandagtig deur.

5. Beantwoord in volsinne en vermy die opnoem van feite.

6. Gebruik die puntetoekenning om te bepaal hoeveel tyd aan elke vraag spandeer moet word.

7. MOENIE dieselfde feite en voorbeelde in verskillende vrae herhaal NIE.

8. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: ONTWERPGELETTERDHEID

### VRAAG 1: 'ONGESIENE' VOORBEELDE

1.1



**FIGUUR A:**
**'Crane candlestiks' deur Victor Shabalala (Suid-Afrika), 2004.**


1.1.1 Suid-Afrikaanse ontwerp moet sy kreatiwiteit verder as die wortels van sy tradisionele kunsvlyt neem om 'n effektiewe wêreldmededinger te kan word.

Stem jy saam met die stelling hierbo? Verwys na FIGUUR A in jou antwoord. (6)

1.1.2 Bespreek die gebruik van die volgende, getoon in FIGUUR A hierbo:

- Patroon
- Balans (4)

1.2



**FIGUUR A:**
**Teater AG Huis deur Verena Perius (Düsseldorf, Duitsland), 1998.**

1.2.1 Verduidelik die verhouding tussen die tekening en die finale ontwerp in FIGUUR A. (2)

1.2.2 Dink jy dat die styl van die gebou in FIGUUR A aan die doel voldoen? (2)

1.2.3 Noem en bespreek DRIE elemente van ontwerp of universele beginsels van ontwerp wat in die gebou in FIGUUR A hierbo gebruik word. (6)

**[20]**

**VRAAG 2**

2.1




**FIGUUR A:**
**Huggies Gold-advertensie deur die advertensie-agentskap, Ogilvy (Suid-Afrika), 2009.**

2.1.1 Die advertensie hierbo, FIGUUR A, was kontroversieel en het woede teen onverantwoordelike ontwerp-praktyk laat ontstaan. Verduidelik waarom jy dink dat hierdie kontroversie geregverdig was of nie. (3)

2.1.2 Verduidelik watter boodskap die ontwerper hoop om oor te dra. (2)

2.2




**FIGUUR B:**
**Logo vir 'n Suid-Afrikaanse mode-ontwerp-maatskappy, Darkie.**

2.2.1 Verduidelik die gebruik van simbole/tekens in die logo hierbo wat dit 'n tipiese logo uit Afrika maak. (3)

2.2.2 Bespreek die verskillende fonts/lettertipes wat in hierdie logo gebruik word. (2)

**[10]**

**VRAAG 3**

3.1 Verwys na FIGUUR A en FIGUUR B hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



**FIGUUR A:**
**Skoen deur Zaha Hadid (Irak), 2009.**



**FIGUUR B:**
**Skoen deur Urban Africa (Suid-Afrika), 2009.**

3.1.1 Watter skoen sou jy graag wou besit? Verduidelik jou antwoord. (2)

3.1.2 Op watter teikenmark is elk van die skoene gerig? (2)

3.1.3 Vergelyk beide die ontwerpe en bespreek hulle ooreenkomste en verskille. (6)

3.2 Voer 'n onderhoud met 'n Suid-Afrikaanse ontwerper/ateljee/agentskap wat werk aan benadeelde gemeenskappe verskaf en hulle sodoende bemagtig. Bespreek die volgende in dié onderhoud:

- Noem die ontwerper en die ontwerpproduk(te) (2)
- Plaaslike en/of internasionale invloed(e) (4)
- Beskryf kortliks die ontwerp(e) deur na hierdie ontwerp(e) se vermoë te verwys om werk aan benadeelde gemeenskappe te verskaf. (4)

**[20]**

## VRAAG 4: ONTWERPGESKIEDENIS

4.1 Elk van die spieëls in FIGUUR A, B, C, D en E toon kenmerke van 'n ander styl/beweging.



**FIGUUR A**



**FIGUUR B**



**FIGUUR C**



**FIGUUR D**



**FIGUUR E**

Identifiseer TWEE style/bewegings uit FIGUUR A tot E en bespreek die volgende by elkeen:

Sluit die volgende inligting in:

- Gee die naam van die styl/beweging vir die TWEE spieëls wat jy gekies het.
- Noem enige ontwerper en die titel van 'n ontwerp uit elke beweging.
- Bespreek die doelwitte en invloede van elke styl/beweging.
- Bespreek die kenmerke van elke beweging.
- Verduidelik hoe die twee spieël-ontwerpe wat jy gekies het vanuit (FIGUUR A tot E), 'vorm-volg-funksie' demonstreer. (20)

4.2



**FIGUUR A:**
**Silwerbak met emalje-deksel deur Ashbee.**
**Gepastheid vir 'n doel (Kuns-en-Kunsvlytbeweging), 1850 – 1900.**



**FIGUUR B:**
**Keramiekpot deur Theodore Bogler.**
**Ontwerp vir Industrie**
**Die Masjienestetika (Bauhaus), 1955 – 1975.**

4.2.1 Verduidelik hoe FIGUUR B die ontwerpfilosofie van 'vorm-volg-funksie' volg. (2)

4.2.2 Vergelyk FIGUUR A en FIGUUR B met verwysing na die tipiese verskille of ooreenkomste tussen die bewegings wat hulle verteenwoordig. (8)
**[30]**

**TOTAAL AFDELING A: 80**

## AFDELING B: ONTWERP IN 'N SOSIALE/OMGEWINGSKONTEKS

## VRAAG 5

5.1




**FIGUUR A:**
**'Helpende Hande' deur Childhope Sosiale Veldtog (Asië/Filippyne), 2009.**
Hierdie organisasie het straatkinders van Asië en die Filippyne gebruik om geld in te samel. Die Childhope-skenkingsblikkies help om geld in te samel om kos, skuiling en onderrig aan meer as 200 000 straatkinders te verskaf.

5.1.1 Bespreek hoe die ontwerper die 'Helpende Hande'-boodskap in hierdie veldtog geskep het. Verwys in jou antwoord na die inligting wat in FIGUUR A verskaf word. (4)

5.1.2 Bespreek die ooreenkomste en verskille tussen FIGUUR A (Childhope se 'Helpende Hande') en FIGUUR B (FeedSA se winkeltrollies) op die volgende bladsy. (4)

5.1.3 Bespreek EEN INTERNASIONALE ontwerper wat 'n sosiale kwessie(s) deur ontwerp aangeroer het. (6)




**FIGUUR B:**
**FeedSA (Suid-Afrika), 2010.**

Hierdie liefdadigheidsorganisasie voed benadeelde mense regoor Suid-Afrika. Foto's van honger, bedelende straatkinders is op die bodems van winkeltrollies van supermarkte geplaas. Insamelblikkies is by betaalpunte geplaas en groot houers vir kosbydraes is by uitgange van winkels geplaas.

5.2 Kies enige EEN PLAASLIKE ontwerper wat jy bestudeer het wat 'n sosiale kwessie(s) aanroer. Gee jou kritiese mening oor die invloed hiervan op ontwerp, byvoorbeeld stereotipering, geslagskwessies, waardes en veiligheid, ensovoorts.

Jy mag NIE na enige ontwerper(s) wat jy voorheen gebruik het, verwys NIE. (6)
**[20]**

**VRAAG 6**

Kies ÒF VRAAG 6.1 EN VRAAG 6.2 **ÒF** VRAAG 6.3.

6.1




**FIGUUR A:**
**Herwinde nommerplaat-handsakke en -beursie deur Leonard Tilnar Art (Kaapstad).**
Hierdie items van herwinde nommerplate word met die hand gemaak en geen twee items is dieselfde nie. Elke item is 'n ontwerpversamelstuk, gemaak van nommerplate wat weggegooi word wanneer voertuie gederegistreer word.

6.1.1 Bespreek die positiewe bydrae wat hierdie items in FIGUUR A sal hê om ons omgewing te red. (2)


6.1.2 Bespreek die werk van EEN PLAASLIKE ontwerper wat op die omgewing gefokus het deur herwinde materiaal of groen metodes te gebruik in die vervaardiging van ontwerpvoorwerpe.

Punte sal vir die volgende toegeken word:

- Die naam van die ontwerper en ontwerp/produk
- Beskrywing en eienskappe van die produk (8)

**EN**

6.2



**FIGUUR A:**
**Green Screen deur Bridgette Steffen (VSA), 2008.**

Dit was 'n reaksie op 700 000 tapyt-monsters wat elke jaar gemaak, gebruik en weggegooi word en is 'n uitstekende voorbeeld van 'dink weer, gebruik weer en herwin na iets beter' ('rethink, 'reuse' and 'upcycle').

6.2.1 Verwys na die interieur-ontwerp hierbo in FIGUUR A en verduidelik die omgewings- en sosiale voordele van hierdie ontwerp. (5)

6.2.2 Jy word aangestel om 'n ontwerp(e) van tapyt-monsters vir 'n ontspanningsentrum vir kinders met spesiale behoeftes te skep, byvoorbeeld vir kinders in rolstoele.

Skryf 'n kort voorstel vir jou inskrywing en sluit die volgende inligting in:

- 'n Titel vir jou produk
- 'n Beskrywing van jou produk en die manier waarop dit gemaak sal word
- 'n Verduideliking van hoe jou produk die omgewing en sosiale wêreld sal bevoordeel (5)

**OF**

6.3 Skryf 'n opstel waarin jy EEN PLAASLIKE en EEN INTERNASIONALE omgewingsontwerper, wat ontwerpe skep wat fokus op die gebruik van 'dink weer, gebruik weer en herwin na iets beter' ('rethink', 'reuse'and 'recycle'), bespreek.

Gebruik die volgende struktuur wanneer jy die vraag beantwoord:

- Noem EEN PLAASLIKE en EEN INTERNASIONALE ontwerper
- Titel(s) van ontwerp(e)/projek(te) van elkeen
- Doelwitte van en invloede op elke ontwerper
- Beskrywing of kenmerke van die ontwerp(e)
- Omgewingskwessies wat in die ontwerp(e) aangeroer word

Jy mag NIE na enige ontwerper(s) wat jy voorheen gebruik het, verwys NIE. (20)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING B: 40**

## AFDELING C: ONTWERP IN 'N BESIGHEIDSKONTEKS

### VRAAG 7

Beantwoord slegs EEN vraag uit hierdie afdeling. Kies ÓF VRAAG 7.1 ÓF VRAAG 7.2.

7.1



**FIGUUR A:**
**Moderne meubels (rakke, tafels, matte) wat deur jou liggaam as 'n fiksheidsinstrument gebruik word, deur Lucie Koldova (Tsjeggiese Republiek), 2009.**

7.1.1 Verduidelik die volgende TWEE begrippe deur na FIGUUR A in jou antwoord te verwys:

- 'n Huis is 'n masjien om in te woon.
- Minder is meer. (4)

7.1.2 Lucie Koldova sien haar eie ontwerpe as '*moderne meubels wat as 'n fiksheidsinstrument*' gebruik word.

Verduidelik of jy dink dat hierdie produkte/ontwerpe suksesvol is of nie. (8)

7.1.3 Verduidelik die volgende TWEE terme wat op FIGUUR A van toepassing is:

- Estetika
- Ergonomie (4)

7.1.4 Jy moet Koldova se produk bemark. Verduidelik watter aspekte jy sal oorweeg wanneer jy die volgende vir haar ontwerp:

- Advertensie (7)
- Logo (7)

**[30]**

**OF**

7.2 7.2.1

> 'Dit is absoluut kritiek om ontwerp 'n integrale deel van die besigheidskool se onderrig te maak. Dit moet 'n kerndeel van die kurrikulum word omdat ons in die besigheid groei, uitbrei en skep, en dit is wat ontwerp die beste doen,' verduideliking deur Bruce Nussbaum.

Stem jy saam met die stelling hierbo? Verduidelik jou antwoord. (4)

7.2.2 Jy word aangestel om die klerereeks van Annabella Loubser (FIGUUR A) hieronder te bemark. Skep 'n bemarkingsveldtog. Stel die volgende aspekte aan jou kliënt voor:

- Hoe jy 'n teikenmark sal vestig
- Hoe jy hierdie produk(te) sal adverteer en bemark
- Bespreek moontlike metodes vir die vertoon van hierdie produk(te)



**FIGUUR A:**
**Klere-ontwerpe deur Annabella Hilda Loubser (Suid-Afrika), 2009.**
Haar ontwerpe word geïnspireer deur die band tussen moeder en kind. (12)

7.2.3 Een van die leerders vra jou die volgende vraag: 'Wat is my loopbaanmoontlikhede in ontwerp?'

Stel die moontlike loopbaangeleenthede wat in ontwerp beskikbaar is aan hom/haar voor. (10)

7.2.4 Daar is verskeie maniere om 'n werk te kry. Noem VIER moontlikhede. (4)
**[30]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 150**